AANKONDIGINGE

18 NOVEMBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

SES-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**BIDDAG VIR BESKERMINGS-DIENSTE** **EREDIENS - KINDERDIENS** Deuroffer: Studente-bearbeding Erediensspan 1 – Chris van Niekerk	Ds. Chris Barnardo
Geen	Kinderkerk en jnr kategese	Kinders woon erediens in kerk by
18:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	
19:00	AANDNAGMAAL - in saal	Ds. Johan Morkel

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
BESKERMINGSDIENSTE

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Openb 1:4-8; 2 Sam 23:1-7; Ps 132:1-18; Joh 18:33-37

MAANDAG, 19 NOVEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 20 NOVEMBER
09:30 Senior Burgers Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 18:00 Dinsdagaand Mannegroep – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 21 NOVEMBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Kerkraadsvergadering in konsistorie
DONDERDAG, 22 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Dankbaarheidsboom Sopkombuis: Maranda van der Merwe, Carina de Mon, Sunita Truter, Rita Harmse, Heidi Nel, Charlene Botes
VRYDAG, 23 NOVEMBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 24 NOVEMBER
Jan Kriel Liggieboom
SONDAG, 25 NOVEMBER
SEWE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG DANKBAARHEIDSONDAG 09:00 Oggenddiens Deuroffer: Christen-Vigsburo SA Erediensspan 2 – Charl van Zyl 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Snr kategese en belydenisklas 19:00 KERSSANGDIENS

VANDAG SE DEUROFFER

STUDENTEBEARBEIDING

Bediening aan studente is vir die kerk van die uiterste belang, want dit is ’n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers. Die fondse wat hiervoor ingesamel word, word gegee vir bediening van studente op verskillende plekke. Die grootste gedeelte van fondse gaan na Stellenbosch se Kruiskerk en Wellington Moedergemeente. Ander kampusse wat bedien word, is Tygerberg en Kaapstad.

Jeugkantoor (me Sharon Naudé) **|** 021-808-9050 **|** jeug@sun.ac.za **|** www.communitas.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

18/11 André Huysamer, Anneen Serfontein
19/11 Cecile Petzer, Jaco Blomerus, Roezan Lewis, Charlene Botes, Ruan Vlok
20/11 Anso van Wyk
21/11 Anchen Lloyd, Lester Abrahams
22/11 Marius Norman
23/11 Jean Snyman, Max Peach, Deidré Summers
24/11 Stoffel Olivier, Juan Roelofse, Simon Fourie, Neil Smit

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die hoofdoel van gebed is nie vir ‘n makliker lewe nie, of om bonatuurlike kragte te kry nie, maar om God te ken. Ek het God meer nodig as enigiets wat ek van God kan kry.

PHILIP YANCEY

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Die volgende limdate se lidmaatskapsertifikate is ontvang. Baie welkom.
   - Arina du Plessis vanaf Worcester-Noord
   - Reinhardt en Janita Langenhoven vanaf Kuilsrivier-Digtebij en Kuilsrivier onderskeidelik
2. Baie geluk aan Karl Schwenke wat tot Laerskool Mikro se raad van Leerders vir 2019 verkies is.
3. George Fullard (Piet-my-vrou straat 84) is weer in die hospitaal opgeneem.
4. Dawie Breet (Othello) was in die hospitaal en sterk tuis aan.
5. Willem Laubscher, oud-lidmaat van De Eike, is oorlede. Die roudiens is eerskomende Dinsdag om 11:00 in ons kerk.
6. Elize Booyens (Othello) sterk tuis aan na ‘n operasie.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 21 November 2018 om 19:00 in die konsistorie.
6. Let asb. daarop dat die senior kategese vanaand en volgende week reeds om 18:00 plaasvind as gevolg van die jaarlikse AANDNAGMAAL en KERSSANGDIENS om 19:00.

DS. JANDRé AFSKEID

Ds. Jandré se afskeid is op Sondag 9 Desember 2018 tydens die oggenddiens. Hy sal sy afskeidspreek by die geleentheid lewer. Daar sal ‘n geselligheid in die kerksaal wees na afloop van die diens.

Die aanddiens en senior kategese vir daardie dag gaan gekanselleer word. Ons nooi dus alle lidmate, jonk en oud, na die geleentheid die oggend.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 2 stukkies verkoop en die totaal is nou 294 van 2000.

KERSSANGDIENS

En toe sien hulle ‘n Ster……. Kersspel deur Adinda Vermaak

by ons KERSUITVOERING op 25 NOVEMBER 2018 om 19:00

Kom vroeg, kom SING, kom luister na pragtige koorsang en instrumente.

Bring ‘n kers saam om aan te steek wanneer ons Stille Nag sing.

‘n Kollekte ten bate van behoeftige kinders in die omgewing sal opgeneem word.

ALMAL hartlik WELKOM!!

SENTRUM VIR PUBLIEKE GETUIENIS

Lidmate word uitgenooi na die bespreking van die verslag INDLULAMITHI SCENARIOS – Hoe gaan SA teen 2030 lyk?

Die paneel bestaan uit Marius Oosthuizen, André Roux en Braam Hanekom.
Dit vind plaas op 22 November 2018 om 08:30 by NG Kerk Stellenberg.
Koste beloop R100 per persoon en sluit ‘n ontbyt in.
Vir verdere navrae of om plek te bespreek kontak Riana by die Sinodale kantoor 021 957 7100 of spg@kaapkerk.co.za.

KERSGESKENKE

Ons wil graag vanjaar weer vir die kinders van Kayamandi en Koelenhof kersgeskenke gee. Hierdie is beide baie arm gemeenskappe en vir baie kinders is ons geskenk dalk die enigste wat hulle gaan kry.

Neem ‘n kaartjie van die bome in die voorportale en koop ‘n geskenk volgens die geslag en ouderdom op die kaartjie. Die geskenk moet asb nie meer as R100 wees nie. Plak die kaartjie op die geskenk en bring dit na die erediens of kerkkantoor teen 4 Desember 2018.

Baie dankie aan almal wat ‘n verskil in die kinders se lewe gaan maak

DE EIKE KOSKAS

Bydraes vir die koskas kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word. Enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens is welkom.

SKOOLSKOENPROJEK – BOTTELARY LAERSKOOL

Dit het onder ons aandag gekom dat daar bittere armoede heers by die Bottelary Laerskool. Die kinders word nie voorsien van die nodige klere, en ander benodigdhede nie. Daar is ‘n voedingskema by die skool.

Die grootste behoefte is egter swart skoolskoene. Dikwels is die kinders se skoolskoene ook die enigste skoene wat hulle besit.

Ons het dus die volgende versoek : As jy vir jou kind nuwe skoolskoene aanskaf, en daar is nie ‘n jonger kind wat dit moet erf nie, sal jy asseblief die skoene Kinderkerk of kerkkantoor toe bring? Ons sal dan sorg dat dit by die Bottelary skool versprei word.

Groete. Riëtta Odendal, Organiseerder : Kinderkerk

SENIOR BURGER KLUB UITSTAPPIE

Ons Senior Burger klub besoek op Donderdag 22 November 2018 die Planetarium in Kaapstad.

Ons herinner almal wat saamgaan, dat die bus reeds om 09:00 vanaf die kerk vertrek en versoek almal om asb betyds te wees.

‘n Persoon by name DORIS het ook aangedui dat sy graag wil saam gaan. Ons het egter geen van of kontaknommer van haar nie en moet dringend met haar in aanraking kom.

Ons versoek dus vriendelik dat Doris of iemand wat haar ken, so spoedig moontlik die kerkkantoor kontak.

HULP MET BEGRAFNISSE

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om van tyd tot tyd te help om broodjies te maak vir ‘n begrafnis wanneer daar vanuit die betrokke wyk nie voldoende broodjies gekry kan word nie. Ons benodig ook soms hulp met die bediening van die tee.

Indien jy op dié manier betrokke wil raak by die kerk se werksaamhede, skakel asb met die kerkkantoor sodat ons jou naam op die lys van vrywilliges kan plaas.

KINDERKERK 2019

Ons oorweeg dit baie sterk om weer die voorskoolse maats volgende jaar te skuif na die Kleuterkerklokaal, indien die spasie ons toelaat. Ons voorskoolse maats kry nogal swaar in die lang erediens tydens Kinderkerk. Hulle sal dan ook hulle eie leerplan volg wat reeds aangekoop is, en heeltemal op hulle ontwikkelingsvlak aangebied word.

Om sodanige aparte erediens te bedryf, het ons egter ‘n ekstra paar hande nodig, sodat die personeel daar op ‘n aflosbasis kan werk. So ‘n persoon sal dan verantwoordelik wees vir die volle erediens, naamlik die boodskappie, sang en die aktiwiteite. Alles word voorsien.

Laat weet ons asseblief as daar iemand is wat geroepe voel vir so ‘n taak.

Riëtta Odendal 0219034963 of 082 9040950 of r.odendal@mweb.co.za

STADSKOOR TYGERBERG

Die Stadskoor Tygerberg is ‘n professionele koor wat daarna streef om ‘n wye verskeidenheid koormusiek uit te voer. Die repertorium bestaan uit geestelike en sekulêre musiek wat strek vanaf die Renaissance tot die moderne era, en sluit onder meer oratoria, misse (requiem), uittreksels uit operas, operettes, musiekblyspele en verwerkings van volks- en etniese werke in.

Die koor tree by geleentheid ook op saam met n simfonie-orkes en ander kore, soos met die onlangse uitvoering van Karl Jenkins se Stabat Mater. Die koor is gebaseer in die noordelike voorstede, en oefen weekliks op ‘n Dinsdag van 19:00 – 21:00 by die NGK De Tyger.

Enige persoon met ‘n liefde vir koormusiek, veral mans, en wat dit graag saam met ons wil bevorder, word uitgenooi om ‘n oudisie te doen en by ons aan te sluit. Kontak ons gerus by stadskoor@gmail.com. Sien ook www.stadskoortygerberg.co.za.

JUNIOR KERKRAAD - FLIEKAAND

Die Junior Kerkraad (Jeug kommissie) bied op Vrydag 30 November 2018 ‘n fliekaand hier aan. ‘n Reuse skerm word op die parkeerterrein opgeslaan en almal geniet die fliek GREASE saam in die buitelug. Heerlike verversings sal te koop wees. Kaartjies teen slegs R60 is by die kerkkantoor beskikbaar.

Sien die plakkate op die kennisgewingsbord vir meer inligting

PREEKSKETS 18 NOVEMBER 2018

PREDIKER: DS. CHRIS BARNARDO

SKRIFLESING: 1 Kor 12

VISIE

Om as gemeente in die voetspore van Jesus te leef.

WAAROM?

Waarom wil jy in die voetspore van Jesus leef?

GESELS MET MEKAAR

- Is ek deel van die liggaam van Christus?
- Is ek aktief betrokke in die gemeente?
- Ek is deel van die liggaam van Christus.
- Daarom leef ek in die voetspore van Jesus!!